



LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

05 Maart 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991



WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Leopold van Huyssteen

EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

Fokusteks uit Leesrooster: Mat 4:1-11

RCL tekste: Gen 2:15-3:7; Rom 5:12-19
Ps 32

Deurkollekte: Bediening aan Jode

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)



DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat":

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642



LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578



DOOP

Chris-Maré Cloete
Ouers: Christof & Marelize



KNIEWERK: Leopold vir diens

- † Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood
- † Burrie van Zijl vir spoedige herstel en beterskap
- † Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen
- † Retha le Roux se pa is baie siek



FOKUSTEKS: Mat 4:1-11

Die verhaal van Jesus se versoekings is in die eerste plek 'n verhaal wat, soortgelyk aan die verhaal van die kruisiging, aan ons verkondig dat Jesus gekies het om ons lief te hê en dat Hy onwrikbaar doelgerig hierdie keuse gevolg het. Vandag is die eerste Sondag van Lydenstyd. Ons het gehoor dat Jesus in die woestyn, honger en dors en blootgestel aan die duiwel se versoekings – Jesus met ons – is. Hy is Immanuel in ons woestyne en ons lyding en ons versoekings. Dit kom bevestig vandag: Christus is teenwoordig, met ons, in ons lyding en swaarkry. Dit gee ons troos en hoop. Daarom kan ons Christus hierdie Lydenstyd volg deur ook met mekaar en met ander in hulle lyding te wees.

GEBEDSTEMA: MRT 2017

ONDERWERP: Beskermingsdienste

Week 2: 5 Mrt – 11 Mrt

Polisiemag

Matteus 5:25-26 (ABA) *Wanneer iemand jou hof toe wil vat, dan moet jy met hom vrede maak voordat julle by die hof kom. As jy dit nie doen nie, dan sal hy jou na die hof bring, en die regter sal sê die polisie moet jou in die tronk toesluit. Ek sê vir jou, en dit is seker: Jy sal nie uit die tronk uitkom nie. Jy sal eers alles moet betaal wat jy skuld.*

Gebedsversoek:

- † Bid dat hulle wat korrupsie moet beveg, nie deel daarvan sal wees nie.
- † Bid dat hulle oordeel in elke opsig regverdig sal wees.
- † Bid vir hulle en hul gesinne se beskerming.
- † Bid teen wettelose mense wat weerwraak teen die polisie neem en hulle doodmaak.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor, 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REËLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)

Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou

Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~  
**DINSDAG:**

**09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 @ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~  
WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;

Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 @ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal

Elke laaste Wo. van maand

Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~  
**DONDERDAG:**

**09h00 Gebedskursus**

**Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620**

~~~~~  
VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;

Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie

Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffie kroeg vir jong volwassenes @ Kleinsaal (Broadway-kant)

Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~  
**MAT 18:20** "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."



**NUWE INTREKKERS?**

**Baie**



**WELKOM**

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

**Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.**

**Kom drink na die diens**

'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.



PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

*ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....*

*ELKE BIETJIE HELP*

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels

Blikkies Vis & Bief

Blikkies gemengde groente

Pakkies Soya Mince

2 Minute Noodles

Spaghetti & Macaroni

Klein pakkies suiker, koffie en tee

Poiermelk & Boksies melk

Toiletpapier

Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies

Skoonmaakmiddels

**DIT WORD S666 WAARDEER!**



**IS DAAR DAE WAT JY "AF" VOEL?**


**KRY JY SWAAR?**

**SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK STERK TE BLY?**

**HET JY GEBED OF BEMOEDIGING NODIG?**

**ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!**

**Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045**



### **SYLVESTER STALLONE PRAAT OOR VERSOEKING:**

Hy het die vermaaklikheidswêreld in 2006 verras deur sy ikoniese fliekheld, Rocky

Balboa, vir 'n laaste keer na die silwerskerm te bring. Terwyl hy die film bemark het, het Stallone Christene verras deur te sê sy geloof in Jesus Christus het die skryf van die eerste Rocky-draaiboek

beïnvloed. Sy hernude toewyding en verbintenis aan Jesus het hom gemotiveer om die jongste en laaste Rocky-draaiboek te skryf, het hy gesê. Hy het die hele storie in 'n onderhoud met Citizenlink.com vertel: "Ek het in 'n Christelike huis opgegroeï en het kerkskole bygewoon. Daar het ek deel geword van die Christelike geloof. Ek het my geloof probeer uitleef, maar het deur my werk in die sogenaamde regte wêreld daarbuite beland waar ek met versoeking gekonfronteer is. Ek het só soort van my koers verloor en 'n klomp baie slegte keuses gemaak." Al hierdie slegte keuses, veral om roem en sy loopbaan 'n groter prioriteit as sy familie te gee, het Stallone altyd diep bly pla. Toe is hy terug kerk toe. "Hoe meer ek kerk toe gaan, hoe meer gee ek myself vir die proses om in Jesus te glo, na sy Woord te luister, en te beleef hoe Hy my lewe stuur," het Stallone in die onderhoud gesê. Hy vertel hoe hy geleer het hy kan Jesus Christus meer vertrou as wat hy homself kan vertrou. "Mens het die ekspertise en die leiding van iemand anders nodig. Mens kan jouself nie afrig nie. Dis presies hoe ek oor Jesus, die Christelike geloof en die kerk voel. Jesus is die afrigter, en die kerk is die gimnasium vir die Christelike lewe." Versoeking, het Stallone ontdek, is 'n werklikheid. Daar is geen groei in jou Christelike identiteit en die uitleef van jou roeping, sonder versoeking nie. Maar daar is ook 'n Afrigter.....

Ons nuwe Kerkseisoen (**LYDENSTYD**) het begin: SKAKELS op ons webtuiste vir meer inligting oor Aswoensdag, Lydenstyd en Lent:

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/inligting/nuus/353-aswoensdag> asook

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene/285-lydenstyd>

Dit het begin op 1 Maart 2017 met Aswoensdag.....

Die Loofhuttefees wanneer die Israeliete van palmtakke tydelike konstruksies gebou het om hulle reis deur die woestyn te gedenk en dankbaar te wees vir hulle beloofde land dien as 'n belangrike verstaan van Aswoensdag. Die palmtakke is na die fees verbrand en die as is bewaar. So 3 eeue na Christus het die Lydenstyd begin met Aswoensdag. Op Aswoensdag (Ses en veertig dae voor Paassondag) val die klem veral op die sterflikheid van die mens en op die belydenis van sondes.

Dit is 'n geleentheid vir verootmoediging, berou en sondebelydenis.

Op hierdie dag word daar soms 'n houtkruis in die kerkgebou

aangebring wat gedurende die hele lydenstyd 'n sentrale fokuspunt van elke erediens vorm. Die liturgiese kleur vir Aswoensdag is grys.

Die kleur vir die res van Lydenstyd is pers, maar dit verander na

bloedrooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin.

Kom ons gebruik hierdie lydenstyd om ons verhouding met die Drie-ene God te verdiep.....



Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"  
Volg die instruksies om die bankkaart van jou keuse daaraan te koppel. Die meeste kredietkaarte (Visa- en Mastercard) kan gebruik word asook debietkaarte wat die "chip" in het. Capiteckarte kan ook gebruik word, maar moet eers by 'n tak vir aanlynaankope geregistreer word.

Nou kan jy die toepassing gebruik deur die kode (sien bo) te "scan". Die kode verskyn op ons nuusbrieff en is ook by die ingange van ons kerkgebou. Jy kan dit op jou eie tyd en enige plek doen.

Nog iets om in gedagte te hou: Vir sekuriteit word aanbeveel dat jy in die "settings" van die app 'n kode opstel wat jy elke keer moet intik voordat jy die betaling laat deurgaen. Jy sal van elke transaksie 'n epos van Zapper ontvang.

Navrae: Annalie @ 021 853 5991



### **#IMAGINE..... Droom. Glo. Doen.**

Pappas en mammas, het julle al jul jongmense laat registreer vir die volgende kamp van 18-20 Maart 2017?? Registrasievorms is by die kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991)

Kontak: Constant Varley @ 072 224 3267

### **WAAROM GAAN DIE KAMP?**

Dis 'n beweging van jong gelowige dromers en doeners wat God se roeping wil ultiel.

Dis 'n vennootskap van jeugleraars, jeugwerkers, bedieningsnetwerke, instansies en maatskappye wat met die NG Kerk familie hande vat om toe te sien dat die Kerk van môre haar roeping vandag vasgryp. Dis hulpmiddele met spesifieke temas wat beskikbaar gestel word om tieners in gemeenteverband op hulle dissipelskap pad te begelei en om hulle geestelike leiers se taak te vergemaklik. Dis 'n plan om Suid Afrika radikaal te verander deur die leiers van die toekoms op die regte geestelike pad te plaas.

**SANGER LOUIS BRITZ VERTEL MEER OP HIERDIE SKAKEL:**

[https://www.youtube.com/watch?v=qNtv\\_FVM4Q0](https://www.youtube.com/watch?v=qNtv_FVM4Q0)

**SKAKEL NA #IMAGINE WEBWERF:** <http://imaginemovement.co.za/en/home/>



PRINTING SPONSORED BY  
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964  
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za

